‘n nuwe Nuwe Testament

My plek in die kerk van God
15 Augustus - 19 Augustus

Daar is een stukkie vir elke dag…

Maandag

Dinsdag

Woensdag

Donderdag

Vrydag

Maandag

1 Korinthiërs 12:12

“ ’n Mens het een liggaam, maar die liggaam het baie dele. Ja, daar is baie dele, maar die baie dele is saam één liggaam. Christus is ook so.”
In vandag se lewe leer ons dinge wat ons eintlik nie moet deel maak van ons lewens nie, een van daardie dinge is ‘selfsug’. Ons lewe selfsugtig deurdat ons alles wil besit, die beste selfoon wil koop wat op die mark is, en ons gee nie om oor wie ons in die proses seermaak nie. Ons gee amper glad nie om vir die mense rondom ons nie.
Dit is nie hoe Jesus geleef het op aarde nie. Die

Vervolg...

There were three men on a hill with their watches.
The first man threw his watch down the
hill and it broke.
The second man threw his watch down
the hill and it broke.
The third man threw his watch down the hill, walked all the way to the bottom, and caught it.
The other two men were puzzled and
asked the third man how he did it.
The third man said, "Easy. My watch is
5 minutes slow!"

There was a blonde that lived in a small
house on the corner of 4th Avenue. She had a small shed in her backyard
where she kept gardening tools. One
day, she thought she saw smoke coming out of the roof of the shed. In a panic she called 911. They answered and said "This is Joe, is there
an emergency?"
The blonde replied "Yes my shed is on
fire!!!" Joe said, "Don't panic help in on
the way...where do you live?"
The blonde said, "IN A HOUSE, NOW
HURRY!!"
Joe calmly responded back, "How are
we supposed to get there?"
The blonde answered back, "DUH!!! A
BIG RED TRUCK!"

hartseer ding is dat ons dit ook begin deel maak van die kerk. Die kerk is nie ‘n gebou nie, maar dit ons – mense.
In die bogenoemde vers skryf Paulus dat ons almal een liggaam is in Christus. Net soos jou liggaam een is, en nie duisende stukkies nie, so is die kerk veronderstel om een te wees. Dit kan nie *happen* as ons selfsugtig is nie. Ons moet begin om soos een ligaam te funksioneer.

Dink vandag hieroor:
Kan mense in jou lewe raaksien dat jy lewe vir eenheid tussen God se mense?

Gebed:
Here, dankie vir U almag! Sal U my asseblief help om vandag te streef na eenheid. Help my om nie selfsugtig te wees nie. Amen

Dinsdag
Een vir almal en almal vir een

1 Korinthiërs 12:21
“Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan ook nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.”

Wow, het jy al gewonder hoe dit sou wees as jy een van jou ledemate moes verloor? ‘n Arm of ‘n been. Miskien ken jy iemand met wie dit gebeur het…
Daardie persoon sal vinnig vir jou kan sê dat dit nie baie maklik is nie.
Ek was nou twee weke terug vir ‘n enkeloperasie. Ek mag nie op my voet trap nie en het vinnig besef hoe afhanklik my liggaam van my enkel is. Dit is ‘n groot gesukkel en veroorsaak lekker frustrasie!
Dit help my om te besef wat Paulus hier skryf in die vers.
Die een deel kan nie vir die ander deel sê dat hy hom nie nodig het nie! Niemand in die kerk



TRUST

kan sê dat hy of sy ‘n ander persoon nie nodig het nie. God het ‘n plek vir almal en Hy wil almal gebruik!

Dink vandag hieroor:

Dit maak nie saak hoe talentvol jy is nie, almal is nodig in God se kerk!

Gebed:

Here, help my om nie te dink dat ek niks waarde kan bring na die kerk toe nie. Dankie vir die talente wat U my gegee het. Amen

Woensdag

Dis genoeg!!

1 Korinthiërs 12:18

“Maar nou het God vir die liggaam verskillende dele gegee. Hy het elke deel gegee soos Hy wou.”

Ons het gister so liggies daaraan geraak, maar vandag gaan ons bietjie dieper in dit in! Wat jy het is genoeg vir God!

Ons is geneig om onsself te vergelyk met almal rondom ons. Ons dink dikwels ons is nie goed genoeg nie. Dit is nie die waarheid nie!

God het vir ons elkeen talente en gawes gegee soos wat Hy dit goedgedink het. En dit wat Hy vir jou gegee het is briljant is Sy oë!

Hierdie talente wat Hy vir jou gegee het, moet jy gebruik om van die kerk ‘n beter en ook lekkerder plek te maak! Begin dit wat jy het *share*, want dit is goed genoeg.

Dit wat jy kan bring kan niemand anders bring nie, en as jy dit nie bring nie gaan daar ‘n deel van die liggaam kort en die liggaam gaan nie funksioneer soos wat God dit bestem het nie.

Dink vandag hieroor:

Gebruik jy jou talente om God te vereer? Miskien is dit tyd dat jy besef dit wat God vir jou gegee het is meer as genoeg!

Gebed:

Here, dankie vir wat U vir my gegee het! Help my om te besef dat U by my is en dat U sien wat ek doen is goed genoeg vir U! Amen



Donderdag

God soek dit so!

Efesiërs 4:12
"Christus wil hê hierdie mense moet God se mense help sodat hulle beter en beter vir God kan werk, en sodat die kerk sterker en groter kan word, die kerk wat soos Christus se liggaam is."

As ons sê dat ons God se kinders is, verwag Hy dat ons gereeld kerk toe gaan. Ek praat nie van 1 keer 'n maand nie. Dit moet so gereelde ding word in jou lewe dat jy moet amper voel asof jy nie daarsonder kan klaar kom nie!
Een van die dinge wat Jesus kom wys het op aarde was dat die liggaam van Christus (die kerk – ons) saam moet groei! Die kerk is jou geestelike familie en die mense wat daar moet wees vir jou as jy deur moeilike tye gaan!
Die kerk is die plek waar jy jouself kan wees en ook veilig kan wees daarmee! Dit is die plek waar jy saam met jou vriende kan *journey* en God kan ervaar op 'n baie besonderse manier!!

Dink vandag hieroor:
Raak betrokke in die kerk! En maak seker jy kom gereeld. Dit is alle geval net 'n uur 'n dag!!

Gebed:
Here, dankie vir die voorreg om aan 'n kerk te behoort. Help my om saam met die mense rondom my nader aan U te groei!! Amen.

REMINDER:

Ons chat Sondag oor families. Ouers wat moeilik is en tieners wat
altyd reg is! Sien jou daar!!

Vrydag

Kerk Voorregte!

Dit is *awesome* om te dink dat ons vrylik kan kerk hou sonder enige *interruptions*. Daar is sommige plekke waar mense nie vrylik kan kerk geniet nie! Hulle dienste word *genuine* onderbreek deur ander mense wat hulle wil dood maak en wat hulle dwing om Jesus se naam te ontken.
Ons is baie bevoorreg! Moet dit nooit vergeet nie. Daar is mense wat alles sal gee om net een keer 'n kerkdiens te kan hou waar hulle
veilig is.

Dink vandag hieroor:
Wat maak jy met jou voorreg van 'n kerk?

Gebed:
Here, baie dankie dat ek saam met ander U naam kan groot maak en saam met U kan groei. Dankie vir 'n gemeenskap van gelowiges.
Amen